Les 10: As die lewe "unfair" raak

Doel

Om kinders te help om te weet hoe hulle onregverdige situasies kan hanteer en hoe om op te tree.

Hulpmiddels

- kopieë van die uitdeelstukke
- ou koerante
- skuifspelde, wasgoedpennetjies, toutjies of magneetstrokies(beskikbaar by skryfbehoefte of kunswinkels
- skryfbehoeftes



Inleiding

Soos wat die kinders die vertrek binnekom, deel aan elkeen 'n prentjie uit. (Sien bylaag) (As die groep nie baie groot is nie, kan jy net twee van die soorte skapies gebruik. Daar is baie meer swart skapies en baie meer swart en wit skapies as wit en grys skapies. Sorg dat daar net een wit skapie is.) Sê nou aan die groep dat julle 'n koerantpapier oorlog gaan hou en dat die groepe ingedeel word volgens die prentjies wat hul ontvang het. (Jy kan 4 blokke afmeet waarbinne die speletjie plaasvind. Die groepe gooi opgefrommelde bondels papier na die ander groepe. Die groep wat teen die einde die minste koerantpapier in hul blok het, wen.) Met die indeling gaan die kinders vinnig agterkom dat die indeling onregverdig is en dalk by jou kom kla. Sê net dat jy niks daaraan kan verander nie en dat julle nou gaan speel. Gee kans vir 'n paar minute se spel en stop hulle. Wys die wenner groep aan en oorhandig 'n prys aan hulle as jy wil. Vra die kinders die volgende vrae:

* Wat was verkeerd met hierdie speletjie?
* Wat doen jy as jy "unfair" behandel word?

Les

Lees Genesis 30 :25 - 43 uit "Die Bybel vir Almal". (L.W. verduidelik vir die kinders dat die mense daardie tyd geglo het dat dit waarna die ooi kyk terwyl sy dragtig is, sal bepaal watter kleur die lammetjie sal wees. Dit was egter bloot 'n bygeloof. Die waarheid was dat die Here op so 'n manier ook vir Jakob gesorg het al het hy self probeer planne maak.)

(Laerskool kinders is gewoonlik baie bewus daarvan dat die lewe regverdig teenoor hulle moet wees. Tog is dit OK as hulle nie altyd so regverdig teenoor ander optree nie. Die verhaal help kinders verstaan wat om te doen as die lewe wel onregverdig teenoor hulle is.)

Vra vir die kinders wat hulle doen as iemand onregverdig teenoor hulle optree bv. by 'n sportwedstryd. As die een teen wie jy tennis speel, balle wat op is uitroep as af, wat doen jy? As die rugbyspan teen wie julle speel aan julle stamp en stoot selfs al het julle nie die bal nie, wat doen mense gewoonlik?

Ons probeer altyd plannetjies maak om die ander weer terug te betaal. Jy roep ook maar 'n paar op-balle uit of julle begin ook terugslaan en stoot. (Dis hoekom daar so baie keer 'n bakleiery uitbreek op die rugbyveld.)

Die wyse ding om te doen, is om as die lewe onregverdig ("unfair") is, nie jou waardes en reëls te oortree nie. Bly wie jy is en los die oordeel vir God. Hy is in beheer selfs al is mense of omstandighede onregverdig teenoor jou. Moenie self probeer planne maak nie. Bly rustig en laat die oordeel oor aan God, selfs al neem dit lank. Ps. 37:3 het uitstekende raad in die omstandighede: "Vertrou liewer op die Here en doen wat goed is, woon en werk rustig voort."

Aktiwiteit

Kom ons maak ons eie slagspreuk ("slogan") om ons te herinner aan wat ons vandag geleer het sodat ons dit kan onthou.

Deel aan elke kind 'n onvoltooide slagspreuk uit en help hulle om dit in hul eie woorde te voltooi.

Voorbeelde kan wees: * Die lewe is “unfair” - God bly goed

* Die lewe is “unfair” - ek gaan my nie ontstel nie.

Hulle kan die slagspreuk versier en 'n skuifspeld, wasgoedpennetjie, toutjie of magneetstrokie agteraan plak sodat hulle dit iewers in die huis kan vassit. So sal hulle dit gereeld deur die week kan sien. Jy sou ook Ps. 37:3 vir hulle op karton kon plak en vir die kinders geleentheid gee om dit te versier. Laat hulle ‘n yskasmagneet maak om huis toe te neem. Jy sou ook die yskasmagneet in die vorm van skapies kon maak en die slagspreuk daarin skryf.

Gebed

Dankie, Here, dat U groter is as die dinge wat die lewe vir my "unfair" maak. Help my om op U te vertrou en nie te wil terug-"fight" nie. Amen

Bylaag